
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

Gedurende die jare wat ons nou in die genesings bediening staan was daar nog geen vervelige oomblikke nie. Die Here genees elke keer op 'n nuwe, wonderliker manier en ons loof Hom daarvoor!

Ongelukkig hoor ons dikwels egter



die volgende woorde: "Dr, toe u vir my gebid het, het ek sommer só warm gevoel soos die Here se genesende krag deur my gevloei het - soos elektrisiteit. En vir 'n week of wat was ek sonder enige pyn, maar nou het al die simptome weer van voor af op my toegesak, selfs erger as voorheen. Waarom dan?"

Dan is die dankbaarheid in my hart groot, want ek kan nuwe lig vir hierdie persoon bring, waarom sy genesing net 'n rukkie geduur het. Persone word dikwels genees deur iemand anders se geloof of deur die gawe van genesing van die Here. Maar wat ontbreek is die fondament, nl. Die Here se Woord, in daardie persoon om hom te help om sy genesing te behou (Spr. 4:2 tot 23).

Dis soos 'n man wat sy huis op die sand bou. Die storm kom en vernietig dit. Net so met **jou genesing - as dit nie gevestig is op die** (rots) **Woord van die Here nie, sal die duiwel dit maklik kan omverwerp en jou genesing en geloof verpletter.**

Al manier wat ons het om die Here te leer ken, is deur Sy Woord, nie deur ons gevoelens nie. Hy is alles wat die Woord sê Hy is. Leer die Here en Sy wil ken deur die Woord. Want as jy

op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word (Mark 16:18)

weet wat Hy van jou en jou genesing sê, sal jy nie al Satan se leuens vir soetkoek opeet nie, maar jy sal hom kan weerstaan en bestraf met Jesus se Woord. In hierdie verband is veral 1 Pet. 2:24; Mat. 8:17; 1 Kor. 6:19; Ps. 9:10 en 11 baie belangrik - gaan lees daar wat die Here van *jou* sê, en jy sal ook soos Jesus kan sê: Satan dit is geskrywe.

Hoe dikwels het ek nie al vir mense gesê dat **hulle kanselleer hulle genesing deur die woorde van hulle mond nie.** Hulle sal kyk hoe die Here deur 'n wonderwerk 'n arm of 'n been onmiddellik genees vir 'n medemens, maar omdat hulle eie genesing nie onmiddellik na die uiterlike gebeur nie, sê hulle. "Ek is seker nie genees nie." En soos daar in **Mark. 11:23** staan**: "Hy sal verkry net wat hy sê, as hy dit in sy hart glo",** en daardie persoon is nie genees nie, die genesing is deur Satan gesteel voor dit voltooi is! Daar is lewe of dood in die tong.

Ons kan nie vir die Here voorskryf op watter manier Hy moet genees nie. Soms is daar 'n onmiddellike wonderwerk, soms 'n langsamer proses, maar eerstens het Jesus reeds aan die kruis vir ons siektes en genesing betaal (Jes. 53:4 en 5) en tweedens sê Hy dat wat ons in geloof vra sal ons verkry (Mark. 11:23 en 24). Daarom kan ons seker wees dat die Here ons *wil* en *sal* genees. Jou woorde is 'n bewys van wat jy eintlik in jou hart glo. Die woorde van ons mond moet gelowige taal wees. Hulle moet nie woorde van twyfel wees nie (Jak. 1:6). Ons moet nie in ons harte twyfel nie! (Lees ons boek Oorwinnaars Taal)

Daar is ook ander liewe mense wat deur die wonderwerkende krag van die Here genees word by 'n genesingsdiens waar baie gelowiges is, maar wanneer hulle tuis kom is hulle alleen en nie langer omring deur hierdie geloof van andere nie. Soms is hulle tuis omring met twyfel en ongeloof. En as die kleinste siekte simptoom weer sy kop uitsteek, is hulle eerste woorde;" Ek het gedink dat die Here my genees het, maar dit lyk nie vir my so nie." En met daardie woorde maak hulle die deur wawyd oop vir Satan. In plaas dat hulle stand inneem teenoor Satan met die Here se Woord as hulle wapen en hom weerstaan en verdryf, gee hulle toe. Wat is die rede hiervoor? **Hulle het nie die fondament van die Woord in hulle**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Op siektes sal hulle…)
lewens nie. Hosea 4:6: My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp …. Hulle maak staat op ander se geloof en gebede om hulle deur te dra, en dit mag tydelik werk, maar 'n permanente genesing is gebaseer op jou persoonlike geloof. En hierdie geloof word gevoed en groei deur middel van die studie en kennis van Sy Woord (Rom. 10:17).

Dan is daar persone wat kom vir gebed vir genesing en wanneer hulle weg gaan sê hulle: " Moet tog nie ophou om vir my te bid nie" en as jy miskien vra waarom, dan antwoord hulle dat die ou duiwel weer 'n hoofpyn of 'n asma aanval of 'n hartaanval oor hulle sal bring. Dan lyk dit mos of jou geloof sterker is in Satan as in die Here!

WAAROM DAN NIE LIEWER SATAN SE MAG BETWYFEL EN GOD SE MAG GELOWIG AANVAAR NIE?! En sê so met jou mond!

Satan sal verseker weer probeer om siekte-goggas op jou te sit. **Maar as die Woord in jou ingebou is deurdat jy dit lank genoeg oordink en vaslê in jou verstand en hart, totdat jy weet dat dit deel is van jou innerlike bewustheid, kan jy Satan elke keer op die vlug laat slaan (Jak 4:7).**

Moenie vir Satan wag om in 'n uiterlike vorm aan jou te verskyn, voor jy hom begin bestraf nie - hy sal dit nooit doen nie, maar hy kom op 'n subtiele manier met gedagtes en influisteringe van **twyfel.** As twyfel kom, sê hardop: "Twyfel, ek weerstaan jou. Ek weier om te twyfel." As vrees kom, sê hardop: "Vrees, ek weerstaan jou, ek weier om te vrees." As siekte kom, sê hardop: "Siekte, ek weier om siek te wees." Ek weerstaan jou in Jesus se Naam. Weerstaan die duiwel met die Woord en sê: "Satan dit is geskryf …. Deur die wonde van Jesus is ek genees ….. Satan dit is geskryf …… die Here het my nie 'n gees van vrees gegee nie, maar een van krag en liefde en selfbeheersing …….. Satan dit is geskryf …… die wat glo sal hande op die siekes lê en hulle SAL GESOND WORD! (Luk. 4:4)

Dan wil ek net weer dié uiters belangrike kwessie van sonde onder jou aandag bring: **Die Here is 'n Here van geregtigheid en liefde en Hy sal nie werk waar daar nog sonde is wat besoedel nie, hetsy groot sondes of die "klein jakkalsies" soos onvergewensgesindheid, jaloesie, liefdeloosheid, ens.** Daarom is dit baie, baie belangrik dat ons gedurig ons sondes sal bely soos die Here hulle onder ons aandag bring, en maak seker dat daar niks tussen ons en ons medemens staan nie. (Dikwels is die ergste onvergewensgesindheid tussen 'n man en 'n vrou, of ouers en kinders). Dan is ons deur die Bloed van Jesus gereinig (1 Joh. 1:9), en kan die Here in ooreenstemming met Sy Karakter en wil, jou genees. Maar sorg dat jy ná jou genesing ook gedurig wegvlug van sonde, want sodra jy weer sonde begin vertroetel, hetsy in jou gemoed, of jou hart, of jou woorde, maak jy weer vir Satan 'n deur oop om jou aan te val met siekte en jou te beroof van jou genesing. (Lees ons boek Die Krag van Vergifnis)

WAT VAN MY MEDISYNE?

Vriende, ten laaste wil ek graag die vraag beantwoord. "Dr moet ek nou dadelik my medisyne weggooi? en nou dat u vir my oë gebid het gaan ek dadelik my bril wegbêre." Ons wil u nie aanraai om onmiddellik enige medikasie of dokters behandeling geheel en al te staak nie, tensy u onmiddellik 'n wonderwerk van genesing kan waarneem, met ander woorde : sien of voel. Ek verduidelik altyd in verband hiermee dat Jesus dikwels genees deur 'n wonderwerk, maar soms deur 'n langsamer proses van geleidelike GODDELIKE genesing (Onthou jy die 10 melaatses van Lukas 17 wat *oppad* genees is nadat Jesus vir hulle gebid het?) En soos Hy geleidelik genees, verminder jy geleidelik jou medisyne (of dra jy 'n bril met 'n swakker lens) totdat die uiterlike simptome van jou kwaal heeltemal verdwyn het en jy genees is. Hierdie geleidelike ophou van medisyne neem is nie 'n manier om 'n *veiligheidsmaatreël te handhaaf,* ingeval die Here nie genees nie - **Jesus het klaar genesing vir ons aan die kruis verkry, dit is net ons geloof wat daardie genesing 'n waarheid in ons lewe moet maak.** Ek sê altyd dat wanneer jy nie meer hoofpyne het nie, sal jy pyn pille nie meer nodig hê nie! Die pyn verdwyn, en dan is die medisyne nie meer nodig nie.

EET VERSTANDIG

Die Here het net nadat Sy volk uit Egipteland getrek het vir hulle gebalanseerde voedsel voorsien in die vorm van manna en kwartels, en Hy sê in Ex 16 vers 4 dat Hy hulle gaan beproef ten opsigte van kos insameling. Lees in Num11 vers 4 tot 7 hoe hulle gemurmureer het daarteen en verlang het na die ryk en ongesonde kosse van Egipte. Lees Ps. 78 vers 18, 29 tot 31 van die Here se toorn oor voedsel luste. Maar dan kry ons die jong **Daniël se pragtige voorbeeld van gematigheid** selfs in sy eetgewoontes en kyk hoe het die Here hom geseën. Ons weet dat baie sterfgevalle vandag voorkom as gevolg van kwale wat veroorsaak is deur oorgewig. **Die Here gee vir ons selfbeheersing (2 Tim 1:7).** Laat ons dit toepas wanneer ons eet.

VOLDOENDE RUS

Die Sabbatdag was Israel van Ouds se **rusdag deur die Here Self ingestel** en ons lees dat die verbreking van hierdie wet swaar gestraf is (Num 15:32-36). Ons lees in die Nuwe Testament dat Jesus ook vir Sy dissipels rus aangeraai het (Mark.6:31). Dis 'n noodsaaklike gesondheidswet en ons weet dat baie mense wat aan moeë gebroke liggame ly, dit oor hulle self gebring het deur vernieling en oorwerk van hulle liggame. Ons kan **selfs in Sy Diens** hierdie wet breek deur ons kragte meedoënloos te dryf en ons sal vroeg uitsak, wat onnodig is. **Moenie slimmer as die Here wees nie.**

Hy het 'n rusdag vasgestel - onderhou dit. Hy het jou immers gemaak en weet wat jy nodig het vir 'n gesonde liggaam.

WEES OOR NIKS BESORG NIE

Maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God." (Fil. 4:6). Paulus sê nie alleenlik hier vir ons dat ons nie bekommerd moet wees nie, maar wys ook vir ons hoe ons gelukkige omstandighede kan skep. Want dis hierdie voortdurende gewoonte van bekommerd wees wat vroeër of later die senustelsel omvergooi. Dink maar net aan maagsere wat so algemeen is en wat baie duidelik hulle ontstaan het by bekommernis, probleme en frustrasies. Keer op keer vra sulke persone voorbidding vir genesing, maar in werklikheid lê die probleem by die oorsprong daarvan. Lees **Mat. 6:25 tot 34, vers 33** want dis die **onfeilbare oplossing vir bekommernis: "soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."**

Hou jou oë op Jesus en Sy Voltooide Werk: Onthou altyd dat net soos **Jesus Christus** klaar betaal het vir jou sondes aan die kruis, het **Hy klaar betaal vir jou siektes. (Jes. 53:5**

(Vervolg op Bl. 8)

answers to the most frequently asked questions about divine healing

Question: Is it not true that some sickness is for the glory of the Lord, as Jesus said, concerning the fatal illness of Lazarus, **"This sickness is not unto death, but for the glory of God that the Son of God might be glorified thereby" (John 11:4)**



The Biblical Explanation:

We have to ask ourselves when the Lord got the glory? Did he get it while Lazarus was sick and dying? Did He get it when Lazarus was dead? The answer is obvious from the Scriptures we read that the Lord got the glory after Lazarus was raised from the dead. Thomas on hearing that Lazarus was dead said hopelessly, **"Let us also go, that we may die with him."** Then when Jesus came to Bethany, Martha chided Jesus saying, **"If thou hadst been here, my brother would not have died."** Mary, with great sadness, felt the same way as Martha. The Jews questioned the situation saying, **"Could not this man, which opened the eyes of the blind, have caused that even this man should not have died?"**

We can thus conclude that Lazarus' sickness and his death brought no glory to the Lord, but only a sense of hopelessness, grief doubt. Most were amazed that Jesus had not healed Lazarus. However, after the great miracle took place, we read, **"Then many of the Jews which came to Mary, and had seen the things which Jesus did, believed on Him."** Nowhere in the Bible do we read that any sickness brought glory to the Lord. In fact just the opposite is true, when people were healed, much glory was given to Him in the Name of His Son, Jesus. Matt. 15:30-31.

In Luke 11:14-28 we are told "that Jesus cast the devil from a dumb man and healed him. But the Lord did not guarantee that the man would necessarily keep his healing. Those healed should retain their healing, and it is His will for them to do so."

"By being obedient to His instruction"

Question: Sometimes a person who has been healed by the Lord gets sick again. Why is this so, considering He is Almighty?

The Biblical Explanation:

We are healed by faith, and we retain our healing by faith – just as a man is saved by faith and must walk by faith. To maintain healing we must ever keep in vital contact with the Healer. It would be strange indeed if Satan did not tempt people after they receive a physical healing. Jesus did not neglect to warn those who were delivered under His ministry to beware of losing their healing. He said to one man who was healed, **"Behold, thou art made whole. Sin no more, lest a worse thing come unto thee" (John 5:14).**

What is the "worse thing" to which Jesus referred? Evidently it might have been another disease, or it could have been the same affliction in a more intensified form.

The Lord's will for the believer is expressed in 3 John 2 where the apostle says, **"Beloved, I wish above all things that thou mayest prosper and be in health, even as thy soul prospereth."** Often there is a relation between physical health and the soul's prosperity.

In Luke 11:14-28 we are told that Jesus cast the devil from a dumb man and healed him. But the Lord did not guarantee that the man would necessarily keep his healing. Those healed should retain their healing, and it is His will for them to do so. However, Jesus taught that **"When the unclean spirit is gone out of a man, he walketh through dry places ….."** meaning that the evil spirit found rest only when he was in a body. In other words, Jesus was saying that the evil spirit (and perhaps other evil spirits) would return and attempt to re-enter the body. But it could do so only if it found the house **"swept and garnished."** If a man who has been delivered fails to keep his life filled with the Word of the Lord, the enemy may be able to re-enter.

Thus Jesus taught that a sickness could come back again upon the one that was delivered. But it was not His will for this to happen, and Jesus gave this warning so that the individual should be aware and ready for any attack of Satan.

Question: If the great Apostle Paul was given **"a thorn in the flesh"**, (and theologians say it was a sickness) and he prayed three times and asked the Lord to remove it, and was told that His grace was sufficient for him, does this not prove that it is not His Will to heal everyone?

The Biblical Explanation:

In the very passage of Scripture in which Paul speaks of his **"thorn in the flesh"** he refers to it as an infirmity, or infirmities. He says: **"Most gladly therefore will I rather glory in my infirmities, that the power of Christ may rest upon me, Therefore, I take pleasure in infirmities, in reproaches, in necessities, in persecutions, in distresses for Christ's sake; for when I am weak, then am I strong" (11 Cor. 12:9-10)**

Paul lists his infirmities here as necessities, persecutions, and distresses. Notice that with the exception of the natural hardships encountered in those days in the preaching of the gospel, almost all the troubles Paul listed have to do with persecution either by the heathen or by false brethren. These men inspired by Satan raged against him beating him, stoning him, putting him in prison, subjecting him to hunger and thirst and every kind of indignity. At one time he had been shielded from much of this persecution, but during his later years the Lord allowed the full force of it to come against him, so that at

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Answers to the most frequently asked questions…)
times he even despaired of his life. At least twice he spent a term in prison.

But notice! Not once does he list sickness among his infirmities. Nowhere does he mention cancer, tuberculosis, or any other physical affliction. It thus would appear to be pure invention to say that Paul's infirmities included blindness or some kind of disease. Moreover, if Paul were sick, then why did he say what he did in 1 Corinthians 11:29-31? **For he that eateth and drinketh unworthily, eateth and drinketh damnation to himself, not discerning the Lord's body. For this cause many are weak and sickly among you and many sleep. For if we would judge ourselves, we should not be judged."**

It would be strange indeed if Paul taught that others in the church were sick because they did not judge themselves or discern the Lord's body, and then Paul himself were chronically sick! Imagine Paul's reproaching others and excusing himself! It is plain that Paul did not teach that sickness was a special providence of the Lord to help Christians become more spiritual; rather it was because they had not judged themselves. **"But let a man examine himself and, so let him eat of that bread, and drink of that cup"** 1 Corinthians 11:28.

Some insist that if Paul did not actually have an organic disease, his health was poor, and he suffered from many ailments. Such speculations plainly contradict the Spiritual record. The fact is that Paul must have enjoyed rugged health to have endured the many hardships and trials listed in 11 Corinthians 11. Paul himself testified that he **"laboured more abundantly than they all" (1 Cor. 15:10**). Do those words sound like the words of a sick man?

Actually Paul, as far as the record is concerned, enjoyed divine health. The Scriptures indicate he lived above sickness. There was one instance in which Paul was left for dead as the result of a stoning by a wicked mob which was intent on putting an end to him and his ministry. But while the sorrowing disciples stood about his bruised body, suddenly Paul arose to his feet apparently unharmed. He was able to go back with his friends into the city (Acts 4:19-20).

The evidence is that as long as the apostle lived, he trusted Jesus as his Healer. There was no diminishing of his faith in the Lord during his last years. In the final chapter of the book of Acts, Paul, after escaping from the wrecked ship reached land, was attacked by a poisonous viper that coiled around his hand. The natives fully expected him to fall dead. But Paul, trusting in Jesus the Great Physician; felt no harm. This miracle resulted in Paul's praying for the sick on the island, including the father of Publius, the chief man.

It is always wise to allow the Scriptures to explain themselves. The phrase, **"thorn in the flesh,"** is figurative and not a literal "thorn". We shall see in the Scriptures that the term "thorn in the flesh" is used figuratively to indicate persecution by wicked persons and not diseases. In Numbers 33:55 Moses said: **"If yea will not drive out the inhabitants of the land from before you; then it shall come to pass that those which yea let remain of them shall be pricks in your eyes, and thorns in your sides, and shall vex you in the land wherein you dwell."**

Joshua speaking at a later time used in the same way: **"They shall be ….. scourges in your sides, and thorns in your eyes" (Josh. 23:13)**. Again in Judges 2:3, the Lord speaks of the Canaanites as **"thorns in your sides."** We see, therefore, that according to the Scriptures a **"thorn in the flesh"** is not a disease but an enemy whom the devil uses to annoy or persecute the children of the Lord.

Paul says in 2 Cor. 12:7: **…. <u>A thorn</u> in the flesh was given to me, <u>a messenger of Satan to buffet me</u> …..** He clearly tells us what the thorn was.

The Lord would certainly not give His beloved Apostle Paul a messenger, or angel of Satan! No! Satan sends his own angels to war on the children of the Lord who are being used mightily for His glory.

If we allow the Scripture to interpret Scripture, then the matter should be forever settled as to what the Bible means when it speaks of a **"thorn in the flesh."** It is certainly not a sickness. (<u>Read our book Paul's thorn in the flesh</u>)

<u>Question:</u> Why did Paul leave Trophimus sick at Miletum (11 Timothy 4:20) and why on another occasion was Epaphroaditus, his companion, desperately ill and only recovered slowly (Phil. 2:25-39). If these two workers of the Lord were sick, is it His Will for all true Christians to be well?

<u>The Biblical Explanation:</u>

Paul says that many of the Corinthian believers were sick and many had prematurely died (11 Cor. 11:29-30), but he also implied that they need not have been sick if they had discerned the Lord's body and judged themselves. Nobody has ever claimed that all the believers in the early church were well at all times. Our privileges in Jesus Christ namely salvation and healing and our condition, spiritually or physically, may show two different pictures.

The great truths of redemption and healing do not stand or fall upon whether the Lords people reach out and appropriate their inheritance of salvation and healing or not. These questions have been settled forever by what He has said in His Word. The benefits of Calvary are for those whosoever will who trust in the Lord Jesus and His finished work, and receive by faith the benefits He bought at such a high price and act in obedience to all His instructions or commands.

We do not know why Trophimus was sick, but Paul does explain why Epaphoditus had such an attack. We are told that he became ill while engaged in a most worthily cause. Epaphroditus labored beyond his strength to supply the needs of Paul because the Phillipian church had fallen down in its responsibility to care for his temporal needs. Although the apostle possessed the gifts of healing, Epaphroditus became steadily worse. In fact he was sick unto death, hanging as it were between life and death for some time. Yet though life was despaired of, he recovered. But Paul makes it plain that Epaphroditus was not suffering for the glory of the Lord, or because He wanted him to be sick, but because he had gone beyond his strength. **"Because for the work of Christ, he was nigh unto death, not regarding his life to supply your lack of service toward me" (Phil. 2:30).**

Although Epaphroditus broke the laws of health and nature for a worthy cause, it did not provide him immunity from suffering the penalty that comes when one goes beyond his strength. The Lord has ordained natural laws that pertain to our physical health, and as a medical doctor I am well aware of this. If we go out into the cold after a hot bath we are looking for trouble, similarly if we run the comrades marathon when we are unfit, we can ex-

(Continued on page 6)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Liewe Dr James, ek het die 24ste Maart versoek dat u dringend vir Marlene Knox moes bid vir terminale kanker. Die Here het haar wonderbaarlik genees!! Toe ek wou weet wanneer sy die verandering waar geneem het, het sy gesê, die oomblik wat sy "Oorwinnaarstaal" begin lees het, wat beskikbaar is van die Sentrum.

Etresia, Kensington

Ek het net voor Kersfees u geskakel en vertel van 'n gewas i my dikderm. Die gewas was al so groot soos 'n pomelo en die dokter het vir my gesê die kanker sal definitief al in my kliere wees, ons sal maar moet sien of ek dit gaan oorleef. Dr u het vir my gebid en ek is die 5de Januarie geopereer, ek het vir die chirurg gesê ek sal verbaas wees as hy nog iets kry om uit te haal omdat ek glo die Here Jesus het my klaar genees. Die gewas het nie versprei nie, wat wonderlike nuus was. Die chirurg het 52 kliere verwyder wat almal getoets is vir kanker, waarna die chirurg my besoek het en my meegedeel het dat ek op een of ander wonderlike wyse skoon is van kanker, waarna hy erken het dat dit 'n wonderwerk moet wees en dit ook so in sy verslae aan die ander dokters geskryf. Hy het vir my gesê jy is tegnies gesond, en dit sal net voorkomend wees as ek vir chemo terapie sou gaan. Prys die Here vir die wonderwerk wat Hy vir my gedoen het en vir my 'n tweede kans op die lewe gegee het. Dr het jare terug vir my pa ook gebid in 1980, en ek het gesien hoe word sy been langer, sodat al twee bene ewe lank was. Baie dankie vir die boekies wat julle vir my gestuur het, ek het hulle oor en oor gelees. Gods rykste seën op julle werk. Groete

Mnr Louis Botha, Ventersdorp

Ek wil dankie, dankie, dankie sê vir die gebede vir my swaer Louis Rossouw wat by die dood omgedraai het want net na die gebede het sy toestand wonderbaarlik verbeter dat die dokters dit nie eens kon verstaan het nie. Dankie ook vir die gebed vir my suster dat God haar seën met oorvloed wysheid, leiding en krag. Ek is so trots op my suster want sy is deur so baie pyn en leiding maar met die krag van God het sy so 'n sterkte vrou geword.

Marietjie Hattingh, Pretoria (12/06/09)

Baie dankie vir die voorbidding wat u vir ons dogter Antoinette gedoen het met die bloedprobleem. Haar rooibloedtelling het al afgekom van 88 na 40 en die witbloedtelling het weer getuig na 60. Dis nog net 'n telling van 5 (na 35) om dit weer normaal te kry. Haar suurstoftelling is tans op 66 waar dit vroeër in die jaar slegs op 12 was. Baie dankie vir u volgehoue gebede vir haar. Dit is nou die eerste keer in amper ses maande wat sy weer iets in haar huis kan doen sonder om totaal en al uitgeput te wees. Ons is so dankbaar vir u en almal by die geloofsentrum. Ons sal later in die tye van u dienste kan verskaf en die adres waar u sentrum geleë is. Baie dankie ook vir u pragtige brief en teksverse wat ons ontvang het.

Mnr en Mev D Erasmus, Vereeniging

Ek het die 7de Mei geskakel en gevra vir 'n gebed. Ek het vog agter my regter oor en kon nie met die oor hoor nie, myt lewer was baie seer, en twee van my nekwerwels se kussings moet vervang word. Die dame het vir my gesê die volgende dag kwart oor sewe sal Dr James vir my 'n gebed doen, ek was by die werk maar ek het tyd gemaak om saam te bid. Ek glo my Vader God is baie goed vir my. My kind het my twee dae later geskakel en per toeval luister ek meet die dowe oor en hoor elke woord wat hy sê. My lewer is ook gesond my nek is nog seer maar ek glo en vertrou dat dit ook met tyd sal genees want dit voel al beter. Dan wil ek ook die Vader baie bedank dat hy Dr James in ons lewe gebring het om die woord vir ons so maklik te maak om te verstaan. Ek bid dat hy nog baie jare 'n gesonde lewe sal hê. Baie dankie vir die nuusbrief sal u dit asseblief dit weer vir my aanstuur. Baie dankie

Mev Vermaak, Vanderbijlpark

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

(Continued from Page 2 - Answers to the most frequently asked questions…)
pect the obvious results. The Lords laws for good health will always apply, but He has made provision, through His Son that we can receive divine healing because the Word tells us that by the Stripes of Jesus we are healed.

(Read our book "The Power of Forgiveness".) ☐

Spesiale Woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons doen 'n baie dringende en belangrike oproep aan al ons vriende wat 'n faks vir gebed of versoek aan ons stuur, om die faks te beperk tot EEN BLADSY. Dikwels kry ons 'n faks van 3 tot 10 bladsye wat onmoontlik is om te hanteer. Gee asseblief basies net die naam, adres en versoek. Baie dankie vir julle samewerking.

BOEKE, KASSETT BANDE EN CD'S

Die lys van ons boeke, DVD'S en CD's saam met hulle pryse, verskyn in hierdie nuusbrief.

HOE OM TE BESTEL:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito strokie saam met die lys van u bestelling
3. OF, stuur 'n gekruiste tjek.

As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

Bank Besonderhede*: Stanger Christelike Sentrum, Eerste Nasionale Bank, Rek No: 53730091667, Takkode: 220129 Faks nr: (032) 5525411*



uit **Dr James** se kantoor

Groete in die wonderlike Naam van Jesus,

Daar was 'n artikel op die voorblad van die Natal Daily News van die 1ste Junie 2009 wat my aandag getrek het, en nadat ek dit gelees het, het ek weereens die wonder van Jesus ons Geneser besef. Laat ek verduidelik wat ek bedoel. Die artikel volg:

Kanker pasiënt wen lewens weddenskap.

LONDEN: 'n Man wat toe hy met kanker gediagnoseer is teen sy dokter se voorspelling, dat hy binne maande dood sou wees gewed het, is op koers om £10 000 (R129 300) te wen, dit was die berig Saterdag. Jon Matthews, 59 het in 2006 £100 in 'n 50-teen- 1 weddenskap geplaas dat hy sal lewe om middel 2007 te sien ten spyte van sy dokter se prognose dat sy asbestose wat mesothelioma veroorsaak het sy lewe lank voor die datum sou beëindig. Vyf duisend pond ryker op 1 Junie 2008, het hy dieselfde weddenskap aangegaan, met vandag as die doelwit. Matthews het nou 'n finale weddenskap aangegaan – teen 100:1- op oorlewing tot dieselfde datum in 2010, dit verryk hom tot dusver met nog 'n £10 000 as alles goed gaan. "Ek dink ek is die eerste persoon in die wêreld om op my eie lewe te wed," het Matthews Saterdag gesê en bygevoeg dat die dokters by die Harefield Hospitaal in Londen vir hom gesê het dat die langste wat enigeen oorleef het na 'n diagnosering van mesothelioma 25 maande was. "Ek het 26 maande 'n jaar gelede gehaal en op 1 Junie hierdie jaar sal ek 38 maande bereik," het Matthews gesê. – Sapa -

Ons is dankbaar vir die 38 maande van Jon se oorlewing , maar ons het 'n beter belydenis met beter resultate wat al die Eer aan die Here Jesus Christus as Geneser gee en wat ek weet ek met julle moet deel, om jul geloof in Hom te vermeerder. Op die voorblad van die Nov. 2000 uitgawe van Geloof in die Woord het ons die getuienis van dr. Piet Barnard geplaas, wie 'n broer in Christus is en ook 'n liewe persoonlike vriend van ons. Hy het aan dieselfde mediese toestand as Jon Matthews in die bo staande artikel gely toe hy vir gebed vir genesing gekom het. Dit is beslis werd om sy getuienis weer te publiseer veral in die lig van Jon Matthews se aansprake, want dit is nou meer as 9 jaar later en dr. Piet is gesond en sterk en dit gaan goed. Hier volg sy getuienis van 9 jaar gelede:

DEUR DIE WONDE VAN JESUS IS EK GENEES EN DEUR SY KOSBARE BLOED IS EK VERLOS!

Liewe Dr James, Meg en die hele span by die

(Vervolg op Bl. 7)

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Uit Dr James se Kantoor)
Christelike Sentrum.

Ek wil net vir die Here baie dankie sê dat Hy my genees het en vir u en die span vir al julle bystand en gebede.

Dit is vandag die 10de September presies 1 jaar gelede wat ek sterwend hier by die Sentrum aangekom het. Ek het op die 8.9.1999 'n internis gesien en ek was toe in erge hartversaking, longversaking en lewerversaking a.g.v. asbestose. Die mediese wetenskap kon my nie meer help nie en al wat aangebied kan word was 'n hart-long oorplanting, maar aangesien ek self 'n mediese dokter is, het ek geweet ek is te swak om dit te oorleef en op die 10.9.1999 i.p.v. na 'n intensiewe eenheid te gaan het my vrou my in die motor gelaai met twee groot suurstofbottels en meer medisyne as klere afgesit Stanger toe. Die mense, my ma en skoonma ens. wat my gegroet het, het nie gedink hulle sien my weer nie. Op 10.9.1999 het u en almal by die Christelike Sentrum en die gemeente daar vir my gebid. Ek was op daai stadium so swak dat my vrou my moes bad en ek kon skaars twee tree loop.

Vandag presies 1 jaar later is ek gesond het 15 kg gewig aangesit en ek loop kilometers ver op die strand.

Ek sê net baie dankie aan u almal wat vir my gebid het en al julle ander bystand en dankie aan die Here wat nog nooit verander het nie. Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde. Groete, Piet Barnard, Ballito

My kommentaar op sy Getuienis in daardie nuusbrief was soos volg:

Toe ek Dr Piet Barnard met sy eerste besoek ontmoet het, het my menslike, mediese kennis my laat twyfel of daar enige hoop vir hom was, maar ek was bevoorreg om oor al die jare gehoorsaam in hierdie bediening wat die Here my gegee het te weet dat vir die Here was dit 'n nietigheid om hom te genees. Die duiwel het alles in sy vermoë probeer om die genesing teen te staan en herhaaldelik probeer om Dr Barnard se geloof en vertroue af te breek en hom met alle mag probeer vernietig. Op 'n paar geleenthede het Dr Piet of sy pragtige vrou, Sarie geskakel sodat ons net kon saam bid en saamstem teen die aanvalle, en dan het dit weer vir 'n ruk baie beter gegaan. Uiteindelik was daar totale oorwinning en Satan moes die handdoek ingooi. Ons loof en dank die Here vir Dr. Barnard se genesing! Uit sy getuienis kan ons waardevolle lesse leer:

1. Baie mense raak moedeloos wanneer Satan hulle vir 'n tweede. 'n Derde of selfs 'n vierde keer met simptome aanval. Dr. Piet en Sarie het staande gebly en hulle vertroue in die Here het nooit gewankel in hierdie stryd nie, en nooit vrees bely nie..

2. Die Here het al die eer en glorie gekry want menslik gesproke was hierdie toestand ongeneesbaar, en dit het Dr. Piet met sy mediese kennis wel geweet, maar sy vertroue was uitsluitlik in die Here. Sy Woord en Sy beloftes en nie in die mediese uitslae nie.

3. Dr. Piet het nie net die Groot Geneesheer, Jesus in sy tyd van benoudheid gesoek nie, maar hy dien Hom met sy hele hart en sy geloof en vertroue in sy Here versterk daagliks, en bid vir baie van sy pasiënte en bemoedig hulle met sy getuienis.

Dr.Piet en sy lieflike vrou Sarie het pas teruggekeer van 'n vakansie in Australië (1 Junie 2009) en ons het al hulle nuus opgevang. Jesus doen werklik steeds wonderwerke. Die nuus van Jon Matthews wat alle weddenskappe gewen het deur 38 maande te oorleef het voorblad nuus gehaal – ons Jesus het dr. Piet nege jaar gegee van gesonde lewe deur hom van presies dieselfde siekte te genees! Dit is sekerlik 'n mediese wonderwerk wat werd is om van die dakke af uit te roep!

Jesus het geprofiteer dat daar in die laaste dae plae en pestilensies sal wees (Matt. 24:7) en Sy woorde het uitgekom. Ons het kort gelede epidemies van Vigs, Voël griep, Vark griep en alle soorte kankers ondervind. Maar Dank aan ons Here ons hoef nie te vrees nie en ons hoef nie te “wed” op ons kanse van oorlewing nie! Die Woord van die Here is ons SEKER WED en dit verklaar in Ps. 91:10 dat geen onheil jou sal tref en geen plaag naby jou huis kom nie! Lees Sy Woord, vertrou en glo Sy Woord en reageer op Sy Woord en soos met dr. Piet – is daar **altyd** oorwinning in die Naam van Jesus, omdat Hy die uiterste prys betaal het, nie net vir jou verlossing nie, maar ook vir jou genesing ongeag die siekte!!!

Lees Sy Woord, vertrou en glo Sy Woord en reageer op Sy Woord en soos met dr. Piet – is daar altyd oorwinning in die Naam van Jesus, omdat Hy die uiterste prys betaal het, nie net vir jou verlossing nie, maar ook vir jou genesing ongeag die siekte!!!

Ons wil julle bedank vir al julle gebede, liefde en ondersteuning wat ons in staat stel om aan te hou om die wonderlike Goeie Nuus van Jesus aan die ganse skepping te versprei totdat Hy kom. Wees verseker van ons liefde en ons gebede.

Die Here seën julle ryklik

Dr James

(Vervolg vanaf Bl 2 - Op siektes sal hulle….)
en 1 Pet. 2:24).

Maar net soos die duiwel ander mense gebruik om jou in die versoeking van twyfel te lei in verband met die verlossing van jou siel, doen hy dit oor die genesing van jou liggaam. En ons geloof wankel, en ons misluk en siekte keer terug. Dink maar aan Petrus en sy wandeling op die water: toe hy van Jesus weggekyk en getwyfel het, het hy gesink! Weens twyfel mag die simptome van siekte terugkeer, maar moet hulle nie aanvaar nie! **Jou genesing is 'n voldane saak op Golgota:** hou jou oë op Jesus!

VOLKOME OORWINNING

1 Pet. 5:8: Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.

gebrek aan kennis).

Laat ons onsself toerus met kennis van die Here se Woord.

In Mat. 12:43 sê Satan hy sal terugkeer na *sy huis*. Hy weet nie dat jy nie meer *sy huis* is nie, want jou liggaam is die Tempel van die Heilige Gees. Volgens Ef. 2:2 en 3 het ons eers aan Satan behoort maar vers 5 sê: ons behoort nou aan die Here, as ons Jesus as ons persoonlike Saligmaker aangeneem het! Loof die Here daarvoor!

1 Kor. 6:19 en 20: Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?

Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

Mense kom met gebroke harte en

belofte te verkry.

Laat die Woord in jou lewe, vernuwe jou gemoed met Sy Woord, laat jou gedagtes vol wees van die Woord, en Sy Woord sal die woorde van jou mond wees - jou daaglikse belydenis. **Praat soos Jesus gepraat het: "Dit staan geskrywe …"** en Satan sal ook van jou af weg vlug.

Dis vir jou as 'n Kind van die Here onnodig om die predikant op te soek, jy behoort self die Bybel te ken. Wat sê die Woord oor jou huwelik? Wat sê die Woord oor genesing? Wat sê die Woord oor jou kinders? Jy behoort self uit te vind en te weet. Maak aantekeninge oral waar jy dikwels 'n tydjie deurbring in jou huis: bokant die stoof, teen jou spieël, agter die toilet deur - en lees, sommer hardop wat Sy Woord vir jou situasie belowe.

Die belangrikste vier dinge wat 'n Kind van God baie deeglik moet

Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Heb. 10:35 en 36

Hier lees ons dat Satan jou liggaam sy huis noem, en hy sê hy sal teruggaan. Hy sê hy sal steel en slag en verwoes, en verslind. Maar, loof die Here, in die aangesig van só 'n vreeslike vyand, het ons nie nodig om benoud te wees nie, want Jesus help ons om vas te staan soos ware Oorwinnaars. **Maar ons moet erns maak met hierdie stryd waarin ons is,** want die tyd om ligsinnig te wees is oor die ewige dinge van die siel is verby. Oral is daar ontsettende nood: miskien is jy daar waar jy iets van die Here verlang en poog om net te kan uithou - jy is in 'n stryd en jy roep na die Here. Maar die *ou, ou Tyding* kom weer vandag d.m.v. hierdie boek na jou: **Jy kan in die hitte van hierdie lewenstryd staan, sonder om te twyfel of te swig, in die Naam van Jesus Christus,** en jy kan die duiwel weerstaan met die Woord! Dit is belangrik dat jy sal weet hoe om die dinge te behou wat Hy aan jou gegee het.

Dis juis daardie *teenaanvalle* van Satan wat dikwels die geslaagste is in die Kind van die Here se lewe. Hy sal jou uitlos vir 'n ruk en skielik maak hy 'n *teenaanval* en jy verloor wat Hy jou gegee het en gaan terug in armoede en siekte.

Deur te sondig *gee ons plek aan die duiwel* (Ef. 4:27)

Deur onkunde doen ons dit **(Hos. 4:6: My volk gaan te gronde weens 'n** in tragiese omstandighede en roep uit: "Waarom het die Here dit aan my gedoen?" In plaas dat hulle liewer uitroep: "Waarom het die duiwel dit aan my gedoen?"

Die duiwel bring al hierdie ongeluk en dan maak hy mense wys dat dit die Here is! Maar nog steeds is ons mense bereid om *kerk te speel* en vir jou te sê hulle wil nie te betrokke raak by die Here en die Bybel nie, want hulle wil alles in goeie balans hou! **Satan hou niks in balans nie: hy is besig met 'n intense stryd teen jou en kyk wat kry hy reg:** jong seuns en meisies verander hy in homoseksueles en lesbiërs, manne en vroue verander hy in dronklappe en versplinterde huwelike is die gevolg. Daar was nog nooit 'n tyd waarin ONS DIE WAARHEID MEER NODIG GEHAD HET AS VANDAG NIE.

STAAN OP JOU VOETE EN GEBRUIK DIE NAAM VAN JESUS. Jy het 'n wettige dokument wat sê genesing en gesondheid is nog vir vandag, en ons wettige dokument vir hierdie waarheid is die Bybel, die onveranderlike Woord.

Hou vas wat jy het!

Heb. 4:14 ….. Laat ons die belydenis vashou.

Heb. 10:35 en 36: Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die verstaan is:

WIE JESUS IS.

WAT JESUS SE KRUISDOOD VIR JOU GEDOEN HET.

WIE JY IN JESUS CHRISTUS IS.

WAT JY KAN DOEN IN DIE MAG VAN JESUS SE NAAM. (Mark. 16 vanaf vers 15).

En dit is slegs deur hierdie kennis te hê, en te **gebruik** wat jou in staat stel om te oorwin!

As jy onkundig en onwillig en lui is om te leer, as Bybelstudie vir jou net pas by die kerkbyeenkomste en oppervlakkige, tradisionele *godsdiens* wat dikwels meer *menslike leerstellings* as BYBELSE WAARHEDE verkondig jou te vrede stel, sal jy beslis nie teen Satan opgewasse wees nie en sekerlik beroof, bedrieg en vernietig word!

Hier volg nou 'n lys van sewe posisies wat jy as 'n Kind van die Here in Jesus Christus is. Sê dit gedurig hardop, bêre dit in jou gees, en wanneer Satan jou aanval, sê vir hom WAT JESUS VAN JOU sê en hy sal van jou af wegvlug want jy weerstaan hom dan met die Woord (Jak 4:7).

Ek is meer as oorwinnaar in Jesus Christus (Rom. 8:37.

EK is genees deur Jesus se wonde. (1 Pet. 2:24).

Ek is voorspoedig want ek is gehoorsaam aan God se opdragte (Deut. 28:8 en 12).

Ek het die Groter Een in my want